JY IS ‘N HEMELSE BURGER!

Ds Pieter van der Walt

Feb 2021: Potch-Oos

Skriflesing: Filippense 3:1 tot 4:1

Teks: Filippense 3: 18-21

(klem op 3:20: **“Maar ons is burgers van die hemel”)**

Jy is ‘n hemelse burger!

Dit klink soos hemelse musiek!

Vraag is:

Glo jy dit dat dit waar is, of, twyfel jy hieroor of, is dit iets wat vir jou onwerklik is?

Dit gaan om **die gerigtheid van ons lewens.**

Kom ek vra:

- Waarop is jou lewe (ten diepste) gerig?

- Wat is vir jou die heel belangrikste in jou lewe?

- Wat gee sin en betekenis aan jou lewe?

- Waaraan of aan wie gryp jy vas in jou uur van beproewing, wanneer jou lewe anders verloop as wat jy beplan het?

  Wanneer jy jou geliefde man of vrou of kind deur die dood verloor en jy alleen agter bly?

  Of wanneer die die duiwel jou aanval met al sy versoekinge en verleidinge?

- In mindere of meerdere mate ervaar ons almal **die effek van ‘n pandemie (Covid 19)** wat ‘n ganse wêreld in sy greep het en wat duisende mense in ons land werkloos en sonder heenkome gelaat het.

My vraag aan jou is: het die feit dat meer as twee miljoen mense wêreldwyd agv hierdie pandemie gesterf het, jou ook tot die besef gebring van hoe magtig God is en hoe nietig die mens is?

- Het jy ook al op jou stoel, dalk met ‘n gevoel van moedeloosheid, gaan sit en dink (peins) en gevra:

  Wat is die doel van die lewe?

  Want dit wat ons om ons, op die horisontale vlak van die lewe sien, is nie bemoedigend nie, is nie opbouend nie…

- Ons moet geen illusie hê nie: Ons is burgers van ‘n sondige wêreld Die magte van die Bose is hard aan die werk.

  Die duiwel en sy trawante werk oortyd om die kerk van die Here aan te val …

  ons as gelowiges tot sonde te verlei, om soos Adam en Eva die knie te buig voor die **bose sameswering van die duiwel:** **maak soos ek sê en jy sal soos God wees,** en …

  om so, in die proses, die mens sy rug op God te laat draai.

Die mikpunt van die duiwel, sedert die dae van die paradys, is om ons, as burgers van hierdie wêreld, los te skeur van God en om ons **wêreldgelykvormig** te maak.

Hy wil dat **ons as burgers van hierdie wêreld, ons knie laat buig** voor sy **sataniese verleidinge,** soos wat hy met Adam en Eva en met Jesus gedoen het toe hy Jesus driemaal versoek het (Mat 4 en Luk 4):

hy het vir Jesus beveel het om van ‘n klip brood te maak…

dat hy aan Jesus al die koninkryke van die wêreld sal gee as Jesus voor hom buig en hom aanbid…

en toe hy vir Jesus bevel het om van die hoogste punt van die tempel af te spring want dan sal Hy sal sy engele opdrag gee om Hom op die hande te dra sodat Hy nie sy voet teen ‘n klip sal stamp nie.

Die duiwel en sy bose planne om God se kinders te verlei, moes **ontmasker** word.

Ons teks sê, daar is baie wat **as vyande van die kruis** van Christus lewe, vyande dus van Jesus Christus: *“die verderf is hulle einde, die maag is hulle god, hulle skande is hulle trots; hulle is aardsgesind”.*

Wat ‘n beskrywing van hierdie sondige wêreld!

Hiermee sê Paulus:

hulle wat as **vyande van die kruis van Christus** lewe, val in die kloue van die duiwel **en lewe aards.**

Hulle lewens is nie op God gerig nie, maar op hierdie wêreld: **solank hulle mae vol is, is alles reg.**

Om te kan eet en drink is die belangrikste, belangriker die lewende God. Hulle lewe by die hier en die nou.

Hulle lewenswyse dra die stempel van: laat ons eet en drink en vrolik wees want more sterf ons, en so is die verderf hulle einde.

Verderf is hulle einde! Verskriklik!

Luister net watter waardes is vir hulle die belangrikste:

die 2020 vertaling van die Bybel stel dit so: **"…hulle eer is geleë in hulle skande…"**

(1983-vertaling: ***"…hulle skande is hulle trots…"***)

Nou geliefdes:

Hoe ver het 'n mens nie in sonde geval as dit die geval is nie, **dat jou eer in jou skande lê, dat jy trots is op jou skande nie.**

So lyk 'n burger wat in hierdie sondige wêreld vasgevang is in die kloue van die duiwel: hulle bedink aardse dinge:

hulle is aardsgebonde.

Hulle waardestelsel is verwronge.

Die mens, die eie-ek met sy sondige drifte staan in die middelpunt.

Die ergste: hulle is vyande van die kruis van Christus.

Jesus, die gekruisigde het vir hulle geen betekenis vir nie.

Dit is presies wat die duiwel wil hê, want hy is **die grootste vyand van die kruis** en daarom'n vyand van Jesus Christus.

Vee Jesus Christus uit jou lewe uit! Vergeet van Hom! Dit is die leuse van die duiwel!

Dit was die **Sataniese komplot** in Genesis 3 **toe Eva deur die duiwel verlei is** met die **fopnuus:** 'doen wat ek sê en jy sal soos God wees'. Dit was **'n opdrag uit die raadsaal van die hel,** en … Adam en Eva het geluister en so finaal die rug op God gekeer.

Tragies!

Geliefdes:

Die versoekinge van die duiwel **op ons lewenspaaie: hulle is daar!**

In ons swakheid struikel ons so maklik in die strikke wat hy vir ons stel:

wanneer ek **dwelms gebruik, alkohol** misbruik, **bedrog pleeg,** iets van iemand anders **vir myself vat,** 'n **boek leen** en dit nie teruggee nie of my **naaste benadeel….**

Waar is jy, het die Here vir Adam en Eva gevra?

Vra Hy dit nie ook vir ons, wanneer aardse dinge vir ons as burgers van hierdie sondige wêreld belangriker word as Jesus Christus die gekruisigde en wanneer ons in die slaggate van duiwelse versoekinge val nie?

Waar is jy?

Luister nou wat sê Paulus in ons teks:

"Maar julle is burgers van die hemel…"

Maar julle…!
Julle is anders!

Voel u dit aan? Dit is asof hy ons/jou in die oë kyk en sê:

> Maar jy, jy is nie dieselfde as die burger van hierdie sondige aardse koninkryk, wat deur die duiwel gemanipuleer en versoek word nie.
>
> Jy is anders, jy is ‘n burger van ‘n ander koninkryk.
>
> Jy is ‘n burgers van die hemel!
>
> > Jy het ‘n ander paspoort met ‘n ander stempel as die doodgewone aardse paspoort, met ‘n aardse stempel.
> >
> > Maar jy behoort aan My! Ek het jou by jou naam geroep, jy is myne, my eiendom, my uitverkore kind.
> >
> > Vir God staan hierdie prioriteit van Sy koninkryk en Sy koningskap voorop!
> >
> > Maar jy, jy is Myne!

Die wonder is: God het my, sondaar wat ek is, uitverkies om Sy kind te wees.

Ek is **<u>soos klei in sy hande</u>** (Jeremia 18). Al wou ek nie die vorm aanneem wat Hy met my in gedagte gehad het nie, het Hy nie die klei (vir my) weggegooi nie, het Hy my nie verwerp nie.

Inteendeel, Hy **<u>hou aan om my, soos klei, te vervorm en te hervorm</u>** totdat ek gereed is om ‘n plek in Sy Vaderhuis in te neem waar ek vir ewig by Hom kan wees, totdat ek ‘n volwaardige burger van Sy ewige hemelryk sal wees.

Hy hou aan!

God los my nie! Dit is die wonder van sy genade!

Wat vra die Here van my in hierdie proses waarmee Hy met my besig is?

- Jy moet jouself volledig aan Jesus Christus toevertrou.

- Jy moet Hom in alles, elke dag, ken en in ‘n intieme gebedsverhouding met Hom lewe en Hom in alles gehoorsaam.

- Jy moet jou inspan om alles wat Jesus vir jou gedoen het, om jou Sy kind te maak, in dankbaarheid joune te maak en bid dat God jou deur sy Heilige Gees sal vernuut en sal losskeur uit die kake van die duiwel!

Dit is wat Paulus bedoel het toe hy gesê het: Ek span my in om dit alles myne te maak, omdat Christus Jesus my reeds syne gemaak het (Fil 3:12).

Kom ons sê dit so:

- **Die sleutel** wat **die deur** van ons **hemelse burgerskap oopsluit,** is **die kruis** van Jesus Christus.

- Jesus Christus wat vir al ons sondes aan die kruis gesterf het, en baie belangrik:

- Jesus wat **opgestaan het uit die dood** en vir ons die weg na die hemel gebaan het.

Geliefdes:

Glo dit en bely dit met jou hele wese, dat jou enigste redding daarin geleë is.

Jesus het self gesê: *"…niemand kom by die Vader behalwe deur My nie".* Hy is die weg en die waarheid en die lewe.

Die duiwel is 'n vyand van die kruis en probeer om almal verlei om ook vyande van die kruis te wees.

Maar ons, **ons is burgers van die hemel, burgers van die koninkryk van God,** omdat God ons daartoe uitverkies het.

Wat 'n wonderlike troos: "Dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe aan Jesus Christus behoort…" (HK Sondag 1).

Paulus sê dit so pragtig in hierdie selfde hoofstuk:

> *"…ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde (3:8), en:*
>
> *"Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind…" (3:10).*

Ek sluit af met die vraag: **wat bied hierdie hemelse burgerskap aan my?**

1. Ek verwag Jesus Christus as my Verlosser (3:20).

   Hy kom weer en sal dan al sy kinders, almal wat in Hom glo, almal wat hier in hierdie lewe gelewe het by die kruis van Jesus Christus, by Hom vergader.

Wat ‘n heerlike toekomsperspektief! Hierdie lewe is die inleiding, die voorportaal, tot die ewige lewe.

Alles eindig nie hier in hierdie lewe nie. Die ware lewe kom. Wat ‘n verwagting!

Dan sal Hy ons vernederde liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees (3:21).

Ek verwag Jesus elke dag!

2. Ons **moenie vasklou** aan hierdie lewe nie asof dit ons finale bestemming is nie. Ons moet wel volhard om die Here te dien, Volhard om met jou hele hart te glo.

Ons moet volhard om skynende ligte in ‘n sondige wêreld te wees, burgers van hierdie wêreld, maar koninkryksburgers.

Wie volhard sal die **oorwinnaarskroon** ontvang, sal **tuiskom** in die Vaderhuis om vir ewig by die Here te wees en Hom te sien soos Hy werklik is.

Wat ‘n verwagting / voorreg:

Jy is ‘n burger van die hemel!
Nou al!

Dit verander alles!

Onmiddellik ontvou ‘n ander perspektief voor ons: ‘Ek is ‘n burger van die hemel!’, van die koninkryk waarvan Jesus Christus die Koning is!

Dit verander alles;

Nuwe lewenswaardes gaan voor my oop!

> Hierdie lewe wat my dikwels so neerdruk, my met vraagtekens laat twyfel, verander alles in uitroeptekens!

“Maar jy, jy is ‘n burger van die hemel!”

Amen.

Geliefdes, as ons al hierdie kwelvrae moet saamvat en ‘n antwoord hierop moet gee, dan lê die denkprobleem by die gerigtheid van ons lewe. Op wie en waarop rig jy jou lewe? Op dit wat ons sien en elke hoor?

Luister na ons teks: “Maar ons is burgers van die hemel…”

Onmiddellik ontvou daar ‘n ander perspektief voor ons: ek is ‘n burger van die hemel, nie van die aarde nie. My bestemming lê nie hier nie, nie op aarde nie. Ek is ‘n burger van die hemel!

Dit verander alles!

Dit verander my hele lewensuitkyk.

Dit gee ‘n nuwe betekenis aan die lewe van elke dag.

Ek sien alles in ‘n ander lig.

Nuwe lewenswaardes gaan voor my oop: hierdie aarde, hierdie lewe wat my so dikwels neerdruk, my met vraagtekens tot stilstand ruk, verander in uitroeptekens, want ek is ten diepste ‘n burger van die hemel.